Verwysing: 20171025-6167
12/14/2
Navrae: VRL-distrikskoördineerders

Inrigtingsbestuur- en Beheerbeplanningsminuut: 0005/2017

Aan: Distriksdirekteurs, Hoofde: Bestuur en Beheer, Hoofde: IBB-koördinering en -advies, Kringbestuurders, VRL-koördineerders, Prinsipale van openbare skole met graad 8 en hoër, Beheerliggame, Onderwysskakelbeamptes en VRL-voorsitters

Onderwerp: Verkiesing van verteenwoordigende rade van leerders vir 2018

1. Artikel 11(1) van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996), verklaar dat 'n verteenwoordigende raad van leerders (VRL) ingestel moet word by elke skool wat leerders in graad 8 en hoër inskryf.

2. Daar word van prinsipale verwag om seker te maak dat die verkiesing van 'n VRL plaasvind.

3. Die VRL is 'n belangrike belanghebber by die bevordering van die gehalte van onderrig en leer in skole. Onderwysskakelbeamptes (OSB's) moet dus seker maak dat hulle help om die vaardighede van VRL-lede te ontwikkel deur leierskapopleidingsinisiatiewe wat met jeugontwikkelingsprogramme in lyn gebring is.

4. VRL-verkiesings moet tussen 01 November 2017 en 31 Januarie 2018 plaasvind om te verseker dat VRL'e so vroeg as moontlik in 2018 begin funksioneer.

4.1 Die opleiding van die nuutverkose VRL'e sal op 01 Februarie 2018 begin.

4.2 Skole word versoek om Bylae A op die VRL-lêer te voltooi en dit by hulle onderskeie VRL-distrikskoördineerders in te dien.

5. **Die VRL-status**

5.1 Artikel 11(1) van die SASW verklaar, onder andere, " ...hierdie raad is die enigste erkende en wettige verteenwoordigende leerderliggaam by die skool".

5.2 Ooreenkomstig artikel 16A(1)(a) van die SASW, wat ooreenstem met die oppergesag van die gereg, moet die prinsipaal seker maak dat geen ander

struktuur – insluitend die prefekstelsel, gebruik word om die wetlike statutêre status van die VRL wederegtelik in besit te neem nie.

5.3 Daar word dus van prinsipale verlang om seker te maak dat die portefeulje van onderwysskakelbeampte (OSB) aan 'n senior personeellid, verkieslik op adjunkprinsipaalvlak, met 'n passie vir jeugontwikkeling toegeken word.

5.4 Enige skool wat nie 'n VRL het wat as die amptelike en regmatige struktuur vir leerders erken word nie, oortree die SASW.

6. **Die skoolverkiesingspan**

6.1 'n Skoolverkiesingspan moet gevorm word om vroeë beplanning vir 'n suksesvolle VRL-verkiesing te verseker.

6.2 Skoolverkiesingspanne word aangemoedig om hul eie voorspraakstrategieë te ontwikkel om leerders te mobiliseer om deel te neem aan die verkiesings en om te verseker dat bevoegde kandidate verkies word.

6.3 Die voorspraakstrategieë waarna in 6.2 hierbo verwys word, moet die verspreiding van kriteria vir die verkiesing van geskikte leerderlede insluit.

7. Prinsipale moet seker maak dat, in ooreenstemming met die SASW, twee VRL-lede verkies word om vanaf 01 Maart 2018 op die skoolbeheerliggaam te dien.

8. **Na die verkiesing van die nuwe VRL**

8.1 As deel van die kapasiteitsbou, moet die nuut verkose VRL 'n induksieproses ondergaan wat deur die VRL-distrikskoördineerder gefasiliteer sal word.

8.2 Prinsipale moet seker maak dat 'n behoorlike oorhandigingsproses gevolg word.

8.3 Prinsipale word aangemoedig om inlywingseremonies te reël Dit kan op verskeie maniere gedoen word, bv. tydens 'n saalbyeenkoms of 'n spesiale geleentheid wat deur ouers, ens. bygewoon word. Skole word ten sterkste aangemoedig om aan distriksgeorganiseerde induksieaktiwiteite deel te neem aangesien dit sosiale interaksie tussen leerders bevorder.

8.4 OSB's word aangespoor om VRL'e op te lei om programme te ontwikkel wat in ooreenstemming met die visie en missie van hul skool is. Dokumente soos die *Bill of Responsibilities for the youth of South Africa, Values in Action: A Manual in Constitutional Values and School Governance for for School Governing Bodies and Representative Councils of Learners in South African Public Schools*, *Guidelines for the Implementation of Peer Programmes for Learners in South African Schools*, ens. kan gebruik word om die kapasiteit van VRL te verbeter.

8.5 Afskrifte van die dokumente wat in 8.4 hierbo genoem word, word vir maklike verwysing aangeheg. Daar word nie van die skool verwag om afskrifte vir al die leerders in die VRL te maak nie.

9. Indien skole enige navrae oor die VRL-verkiesing het, kan hulle die toepaslike VRL-distrikskoördineerder kontak wat hieronder gelys word:

Distrik	VRL-koördineerder	e-Mail	Tel.
Metro-Noord	Mr David Leonard	David.Leonard@westerncape.gov.za	021 938 3170
Metro-Sentraal	Ms Anusha Naidoo	Anusha.naidoo@westerncape.gov.za	021 514 6716
Metro-Suid	Mr Reginald Dreyer	Reginald.Dreyer@westerncape.gov.za	021- 374 4107
Metro-Oos	Ms Mary-Joan Swartz	Mary.Swartz@westerncape.gov.za	021 900 7253
Weskus	Mr Tommy Loriston	Tommy.Loriston@westerncape.gov.za	021 860 1554
Kaapse Wynland	Mr Fred Josias	Fred.Josias@westerncape.gov.za	023 348 4652
Overberg	Mr Kobus Mike	Kobus.Mike@westerncape.gov.za	028 214 7366
Eden & Sentrale Karoo	Ms Sinovuyo Stofile	Sinovuyo.Stofile@westerncape.gov.za	044 803 8377

10. Wanneer 'n VRL verkies word, moet die VRL-distrikskoördineerder die Direktoraat: Inrigtingsbestuur en Beheerbeplanning oor die uitkoms verwittig. Hy/sy moet die lys en besonderhede van die nuwe VRL-lede vir elke skool via e-pos aan mineer Sira Nkundla by sira.nkundla@westerncape.gov.za stuur.

11. Prinsipale en beheerliggame word aangemoeding om spesifiek vir die ontwikkeling van hul VRL-lede en jeugontwikkeling oor die algemeen te begroot.

12. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle belanghebbendes.

GETEKEN: BK SCHREUDER
HOOF VAN ONDRWYS
DATUM: 2017-11-11